REDDING (C)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. In te lig oor gevaarsituasies.
2. Toe te rus om 'n lewe te red indien hy in so 'n situasie beland.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet hoe om in die volgende situasies op te tree:
   - 'n Persoon wat verstik.
   - 'n Persoon wat 'n oordosis pille gedrink het.
   - 'n Persoon wat gif ingekry het.
   - 'n Persoon wat 'n koeëlwond opgedoen het.
   - 'n Persoon wie se klere aan die brand is.
2. Weet hoe om homself uit die volgende situasies te probeer red:
   - As hy in 'n gebou is waarin 'n bomontploffing was.
   - As hy ontvoer word.
   - As hy in 'n onbeheersde stormloop beland.
   - As hy in vloedwater beland.
   - As hy in 'n brandende huis is.
3. Weet hoe om in die volgende gevalle by water op te tree: Doen prakties.
   - Hoe om 'n paniekerige swemmer te hanteer.
   - Twee maniere ken en kan uitvoer om iemand uit 'n dam of swembad te red.
4. Weet hoe om skok te identifiseer en te behandel. Oefen prakties.
5. Die telefoonnommers wat hy in tye van nood kan skakel, op 'n kaartjie aanbring en die kaartjie lamineer.
6. Weet hoe om onder die volgende omstandighede op te tree: Doen 1 prakties.
   - 'n Groep wat in die veld verdwaal het.
   - Om water te bekom as dit nie geredelik beskikbaar is nie.
   - Om kos te bekom as dit nie geredelik beskikbaar is nie.
   - Hoe en waar om te skuil teen hitte en koue.
   - Hoe en watter pogings aangewend kan word om hulp te ontbied.
7. 'n Noodplan uitwerk vir hulle huis in geval van 'n brand.
8. 'n Lysie saamstel van belangrike dinge wat jy wil saamneem indien julle skielik die huis moet ontruim.

C AANBIEDING

1. Daar moet genoeg tyd aan die spesialisasie gespandeer word aangesien die kind opgelei word om lewens te red.
2. Hoe meer dinge prakties geoefen word, hoe beter sal hulle dit onthou.
3. Maak gebruik van kenners om die inligting oor te dra.